


# Moenie altyd op 'n trust vertrou

Daar is verskeie slaggate waarin boere kan beland as dit by trusts kom, onder meer ten opsigte van belastings en egskeidingseise. As jy jou bates aan 'n trust oordra, is dit nie meer joune nie en mag jy nie daarmee handel asof dit steeds is nie.

Hoe veilig is jou bates in jou familietrust? 'n Paar weke gelede het ek geskryf oor misverstande en wanopvattings oor trusts en trustbates. Dit het heelwat reaksie by boere uitgelok, wat my weer laat besef het, min mense weet werklik wat ter sake is met die skep van trusts. En die een bekommernis van almal was: Hoe veilig is "my trustbates"?

Wel, dalk nie heeltemal so veilig soos wat jy graag sou wou dink nie, glo my. In die hoop om boere te help om slaggate en finansiële ellende, ingesluit onnodige belastings en boetes, te vermy, kyk ons vandeesweek na 'n paar regsbeginsels wat die vorming van 'n geldige trust en die bestuur daarvan onderlê.

Om 'n trust op te rig en selfs by die Meesterskantoor te registreer, beteken nog nie veel nie. Vir 'n trust om werklik tot stand te kom, vereis meer as dit. Daar moet eerstens tussen die oprigter of skenker en 'n trustee 'n ooreenkoms wees (kontrak) waarvolgens sekere bates oorgemaak word aan die trustee, wat dan die bates oorneem en dit tot voordeel van 'n derde party, die begunstigde(s), bestuur. Dit is dus in die eerste plek nie meer jou bates nie.

Dit help ook nie jy het dit "op papier" oorgemaak en gaan dan maar net voort en handel met die trustbates asof dit steeds joune is nie. Dan het jy eintlik nog nie 'n trust nie. As jou trustee nie behoorlik onafhanklik met die bates kan handel nie, kan die trust aangeval word en is trustbates blootgestel aan onder meer skuldeisers, Jan Taks, egskeidingsgedinge, begunstigde kinders se gades, en so meer.

Ons kyk nou na enkele slaggate:

## Inkomstebelasting

'n Groot foefie met trusts is die sogenoemde inkomstebelastingvoordeel deur trustinkomste te versprei om gebruik te maak van die laer inkomstebelastingkoers van, byvoorbeeld, minderjarige kinders. Volgens art. 7(3) van die Inkomstebelastingwet (Wet 58 van 1962) mag in sekere omstandighede die inkomste só aan 'n kind betaal word. Sodoende is dit inkomste van die ouer en sal dit belas word in die hande van daardie ouer asof die inkomste hom regstreeks toegeval het. ('n Soortgelyke klousule bestaan ten opsigte van 'n gade.)

**As jou trustee nie behoorlik onafhanklik met die bates kan handel nie, is trustbates blootgestel aan onder meer skuldeisers, Jan Taks, egskeidingsgedinge en begunstigde kinders se gades.**

'n Eenvoudige slaggat, sou 'n mens kon redeneer. Maar daar is meer. Art. 90 van die wet bepaal dat die ouer die belasting van die kind kan verhaal. Doen hy dit nie, laat hy homself oop vir die hef van geskenkebelasting op daardie stuk belasting wat hy nie van die kind verhaal het nie. Effektief betaal Pa, as ons aanvaar sy belastingkoers is 40%, nou 48% belasting pleks van 40% op daardie inkomste.

En daar is nóg meer. Ek meen dié "verdeling van inkomste" is eintlik net 'n manier om vir die Ontvanger te lieg en dat die geld óf aan die pa uitbetaal óf in die trust behoue bly. Die een is bedrog, die ander skep 'n gevestigde belang, wat dit van alle beskerming ontneem. Sou die kind in 'n stadium deur, byvoorbeeld, skuldeisers of in 'n egskeidingsgeding aangeval word, is hierdie geld oop vir beslaglegging.

## Boedelbelasting

Dis 'n gróót verkoopspunt met trusts, want trustbates val nie in jou boedel vir boedelbelasting nie. Maar art. 3(3)(d) van die Boedelbelastingwet (Wet 45 van 1955) ag enige bate wat die oorledene vóór sy dood tot sy voordeel van die hand kon sit, 'n bate in sy boedel te wees vir die doel van boedelbelasting. Laat dit 'n waarskuwing wees vir enigeen wat bates in trust het en dan bloot daarmee aangaan asof dit sy eie is.

Nie net kan jy 20% boedelbelasting daarop betaal nie, maar ek reken ook jou restant-erfgename kan op grond van so 'n suksesvolle agting deur die Ontvanger met 'n sterk saak vorendag kom oor hoekom hulle toegang tot daardie bates behoort te kry. In elk geval 'n sterk genoeg saak vir die trustees om teen baie hoë koste te moet verdedig in 'n hof.

## Egskeidingseise

In die Jordaan-saak [2001 (3) SA 288 (C)] is die man se trustbates onderworpe gemaak aan 'n egskeidingseis op grond daarvan dat "die trusts inderdaad die alter ego is van die verweerder en deur hom as sulks beskou word. Hy beskou die trusts as 'n manier waarop hy vir homself 'n finansiële voordeel kan bewerkstellig".

## Eise deur begunstigdes

In die baie onlangse Potgieter-saak [2011 JOL 27892 (SCA)] het die trustees van 'n trust die trustakte gewysig, soos wat hulle geregtig was om te doen, en ander begunstigdes aangewys, soos wat die trustakte hulle toegelaat het om te doen. Maar die oorspronklike begunstigdes het met sukses in die hof aangevoer dat hul voordele in die trust reeds aanvaar is en daarom kan dit nie weer van hulle af weggeneem word nie. Die hof het saamgestem.

Dit onderskryf verder die beginsel van 'n trust as 'n kontrak – 'n kontrak tussen die trustoprigter en die trustee om bates (wat voortaan aan die trust behoort) namens die begunstigde(s) te bestuur. As dit dan anders gedoen word, pleeg jy kontrakbreuk en verval die voordele van 'n trust.

Dit is so eenvoudig soos dit. As dit "jou" trustbates is, is dit eenvoudig nie veilig nie.

*Nico van Gijsen is lid van Fisa en besturende direkteur van Finlac, 'n onafhanklike finansiëlerisiko-bestuursmaatskappy wat by die Finansiële Diensteraad gelisensieer is. Finlac is aan geen finansiële produkverskaffer verbonde nie. Die raad wat hier gegee word, is van 'n algemene aard en moenie as toepaslik vir 'n spesifieke geval beskou word nie.*

**Navrae:** *Mnr. Nico van Gijsen, tel. 021 461 2067 of faks 086 677 6314.* ***E-pos: nico@finlac.com.***